# GROTTO BAY 2025

| ROETE: | Duineroete | DATUM: | 01-Nov-25 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Lekker koel weer, na reën deur die nag, het ons die Saterdag-oggend by Grotto Bay natuurreservaat begroet. Die wind was matig en al dertien stappers was bly dat die sand ondervoet ietwat gekompakteer is deur die vooraf reën. Die roete het byval gevind as gevolg van sy diversiteit - eers stap mens deur die fynbosarea neffens die R27 waar skilpaaie, bokkies en talle slakke teëgekom is, dan na die rivierkruising met bietjie klimwerk op en af oor die duine, tot by die see waar die etebreek geniet is. Die laaste 5-6km loop langs die oseaan via billike en goed-onderhoude voetpaadjies. Daar was 'n alternatief van 'n matige rotsklouter-roete, maar die hooggety het 'n stokkie daarvoor gesteek. Rotse en seeklippe maak dat die seepad-gedeelte (ook genoem die Oystercatcher Trail - ons het 'n paar vsn die swart tobies gesien) heel skouspelagtig is. Daar het ook hordes jellievisse uitgespoel wat vir unieke fotomateriaal gesorg het. Die stap het, breke ingesluit, byna 5 uur geduur en kan beskou word as 'n gemaklike 2A-stap, met die sandfaktor waarskynlik die grootste uitdaging, alhoewel beslis haalbaar vir 'n matige fiks stapper. Die stap word aanbeveel om gereeld op die program te kom, omdat dit bietjie 'n ander landskap bied en 'n goeie vullerstap sal wees op 'n naweek wanneer daar graad 3 + stappe aangebied word.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Freddie Pohl | 090/2025 | 13 | 177 | |
| Susan Pohl | 091/2025 | 13 | 177 | |
| Elisma Maree | 070/2025 | 13 | 177 | |
| Chrisna du Toit | 201/2025 | 13 | 177 | |
| Jeanette Kriel | 163/2025 | 13 | 177 | |
| Amanda Matthee | 045/2025 | 13 | 177 | |
| Rassie Pretorius | 169/2025 | 13 | 177 | |
| Miranda Myburgh | 092/2025 | 13 | 177 | |
| Hannetjie Loots | 136/2025 | 13 | 177 | |
| Riaan Louw | 168/2025 | 13 | 177 | |
| Elmien Louw | 167/2025 | 13 | 177 | |
| Petronella Marais | Besoeker | 13 | 177 | |
| Lizette Opperman | Besoeker | 13 | 177 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **169** | **2301** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Freddie Pohl |
|---|---|